

# Ons lewe om God te loof

**Skrifgedeelte: Psalm 6:1-11**

**Fokusgedeelte: Psalm 6:6**

Die voorskrif vir hierdie Psalm is dat dit met snaarinstrumente en 'n basstem gesing moet word. Dis veral die diep basstem wat die nood van die gelowige moet versterk.

Die Psalm begin met 'n diep basstem wat vra dat God nie vir Dawid in sy toorn moet straf nie. Dawid sing van die nood van sy sonde en die nood van die naderende dood. Dit blyk uit die Psalm dat Dawid baie siek was. Hy was verskrik, beangs. Dan bid hy dat die Here hom tog moet verlos. Dis 'n pleitgebed dat die Here hom tog nie in sy heilige woede moet straf nie, maar sy lewe moet spaar. Hy vra dat die Here hom gesond moet maak. Dawid gee 'n besondere rede vir hierdie smeekgebed dat sy lewe gespaar moet word. In die dood word daar nie aan die Here gedink nie en in die doderyk word Hy nie geloof nie (vs 6).

Hiermee bely Dawid dat ons geskep is om God te loof. Hy bely dat ons lewe om God te verheerlik. Wat 'n kragtige belydenis! Ons sing dit ook in Psalm 119:62 – “Laat my lewe om te loof!” Wanneer

ons bely dat ons sondig is, wanneer ons bid om God se redding, gaan dit oor sy lof. Dawid bely sy sonde om dan te bely dat hy wil lewe om God te loof.

Christus sorg dat hierdie gebed van Dawid vir ons die waarheid is. God het hom in sy toorn gestraf sodat ons God vir ewig kan loof en nie die doderyk hoof in te gaan nie. Ons lewe mag nou al 'n loflied wees met die wete dat ons in die ewigheid God vir altyd sal loof.

Lewe dan elke dag met hierdie belydenis: God het my lewe in Christus gered, sodat ek Hom mag loof. Ek lewe om God te kan loof!



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E27